



Opstanding en Ewigheid

Na die belydenis dat sonde vergewe is, word daar niks verder oor hierdie bedeling en hierdie tyd bely nie. Tog is daar implikasies vir hier en nou in die belydenis wat volg.

Die belydenis dat sonde vergewe is, beteken dat ons as geregverdigde sondaars in hierdie tyd en hierdie bedeling as vry mense mag lewe, sonder vrees of belemmering. Dit beteken nie dat ons hierdie bedeling kan minag of onbelangrik ag nie. Die ewige lewe is ook ter sprake: Ons word geroep om te lewe na ons potensiaal soos verwoord in onder andere Efesiërs 2:10: “*Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daede waarvoor Hy ons bestem het*”. Hierdie bedeling is steeds ’n tussen-tyd. Na hemelvaart wag ons op die wederkoms.

Die wederkoms gaan twee sake duidelik maak. Die Apostolicum praat van: *carnis resurrectionem, vitam aeternam (Latyn) σαρκος ανάστασις, ζωὴν αἰώνιον. (Grieks)* – Opstanding van die vlees en die ewige lewe. Die Niceense belydenis stel *προσδοκῶμεν ἀνάστασις νεκρῶν, καὶ ζωὴν τοῦ μέλλοντος αἰῶνος (Grieks)* - *speramus resurrectionem mortuorum, vitam futuri saeculi (Latyn)* – Ons verwag (hoop op) die opstanding van die dode, en die lewe van die toekomstige tydperk.

Hierdie gans-andere wat as belofte en verwagting bely word, dui op ’n bedeling wat staan teenoor hierdie wêreldorde, ’n tydsbegrip wat buite die omvang van ons tydsverloop is. Ons hoop op ’n radikaal ander bestaanswyse as die huidige, en tog ook nie. Ons hoop is op God se belofte gerig. Christus en sy weldade is weer

versluier. Ons kan dit nie aandui nie, ons glo dit net en hoop daarop.

Geloof sien uit daarna om eendag opgehef te word – tot ’n einde te kom. Die Bybel self stel in die vooruitsig dat ons geloof in God in die toekoms na aanskoue van God sal verander.

Hierdie ruimte en tyd waar geloof ophou bestaan, is wat in die vooruitsig is met die belydenis dat die vlees (dode) sal opstaan en die nuwe tyd sal ingaan. Dan sal God se oorwinning oor sonde en dood onthul word. Intussen ken ons hier op aarde net gehoorsaamheid, geloof en hoop. Ons kan nie nou al roem op ons nuwe status van verlose mens nie. Daarvoor is ons bestaan nog te vasgevang in die sonde. Intussen is ons met God versoen. Versoening is nog nie verlossing nie, maar is die **waarborg**, deur God self gelewer, dat ons **verlos is**. By die opstanding sal hierdie verlossing vir almal daar wees om te sien (Romeine 8:19-20 *Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee*).

In der waarheid is die belydenis van ’n opstanding en ewige lewe die praktiese implikasies van die belydenis dat sonde vergewe is, wat ’n logiese gevolg is van God se **genade**. So sluit die belydenis logies af by die voltrekking van God se genadige wending na die mens toe. Die opstanding en ewige lewe is deel van God se bemoeienis met die mens, dit is geen aparte saak wat gelaat kan word nie, dit is ’n integrale deel van ons geloof. God se skepping word herskep.

Opstanding impliseer hoop. Tomas Aquinas het met reg daarop gewys dat die opstanding ons troos by die graf van 'n geliefde. Daarmee word nie beweer dat ons niks aan hierdie lewe moet hê nie. Ons is in hierdie lewe in hierdie vlees in hierdie skepping. Wanneer 'n geliefde gelowig ontslaap, is die geloof aan 'n opstanding vir ons tot troos.

Daar is diegene wat ons bestaan tot hierdie jammerdal wil beperk en Christene beskuldig dat ons hierdie bedeling minag solank ons die wederkoms met reikhalssende verlange verwag. So 'n bewering is ongegrond en onregmatig. Dit pas by gelowiges om hierdie bedeling te waardeer, veral omdat ons in die opstanding van die vlees 'n toekomsverwagting het.

By die opstanding (wat gepaard gaan met die wederkoms van Christus om te oordeel) gaan elke mens opstaan. Ons gaan nie ophou om mense te wees nie. Ons gaan nie skielik engele of hemelwesens of geeste wees nie. By die opstanding gaan ons onverderflik wees, verlos van die verskeurdheid wat menswees inperk. By die opstanding gaan mense word wat hulle reeds in Christus is, nuwe skepsels wat tog die volle voortsetting van die ou skepsel is. Ons sal die kleed van geregtigheid kan opneem en saam met God wees.

Die mens as skepsel word by die wederkoms tydens die opstanding van die vlees herskep tot die nuwe mens wat by God kan en mag wees. In die nuwe hemel en nuwe aarde is die mens by God en dit beteken dat die mens ook 'n nuwe tyd betree, God se tyd. Dan sal die mens ook die heerlikheid van God kan aanskou en daarin verheug.

Hierdie nuwe werklikheid moet nie vergeestelik word nie. Die opstanding van die vlees impliseer dat daar 'n fisiese dimensie tot die opstanding en die nuwe bedeling is. Vleeslik, maar onverganklik. Dit is 'n konsep waarteen ons denke stuit.

Die invloed van Plato en die Helleniste se denke moet nie onderskat word nie. Mense dink so gou aan die mens as liggaam en siel, met die siel as die verhewe deel en die liggaam as 'n tronk wat die mens net vashou. Dan is die liggaam die aardse, die lae aardse tronk. Dan is die siel die verhewe gees wat vasgevang is in 'n onverkwiklike situasie. Indien dit werklik so is, die dood 'n verlosser en nie 'n vyand nie. Indien die liggaam verwoes word deur die dood, beteken dit dat (in hierdie denke) die siel vrygelaat word. Ons ken net een Verlosser, en dit is nie die dood nie. Die dood is ons geduldige, gedugte teenstander wat weet ons gaan almal sterf. Die dood is geduldig want hy weet ons is sondaars. Ons verdien die oordeel wat ons toekom en daardie oordeel is die dood. Streng gesproke is die dood daarom nie natuurlik nie. Die dood was nie deel van die skepping nie, die mens se keuses het die dood tot gevolg gehad. Om siel van liggaam te skei maak geen sin volgens die Evangelie. Ek is 'n lewende siel, 'n lewende wese. Ons lees reeds in Johannes 1 dat die Woord vlees geword het. God is in sy genade betrokke by die vlees, meer nog, by die volle werklikheid van die mens. Jesus was wel die volmaakte mens, maar Hy was volledig mens. Menswees impliseer die vleeslike, die tasbare van alles rondom ons, ons ingesluit. God is betrokke by hierdie bedeling as die genadige God. In hierdie bedeling het God in Christus die dood oorwin. Dit beteken dat indien ons in sy dood gedoop is, ons in Hom ook opgestaan het en reeds die ewige lewe het. Ons nuwe bestaan in Christus is in Christus verborge, soos Hy tot die wederkoms verborge is. Daarom is ons dood eintlik net 'n ontslapping. "Ontslapenes" is dan nie net 'n eufemisme, 'n term ter versagting nie.

By die opstanding gaan elkeen van ons opstaan. Nie net 'n gedeelte van my gaan opstaan nie, Ek gaan opstaan deur die wonderdaad van God. Ek is 'n lewende wese wat verantwoordelik voor God gaan staan. Met my volle menswees gaan ek daar staan. In Christus gaan ek daar staan met alles wat ek is en was. Dit sluit in dat ek vleeslik daar gaan staan.

Die Bybel ken ons ook nie anders as vleeslik lewende wesens nie. Daar woed deur die eeue 'n debat oor die sogenaamde "onsterflike siel". Die Bybel versplinter nie die mens nie. God maak bemoeienis en erns met die mens in sy volheid van bestaan, sy swakheid na vlees en gees. God wat die asem in die mens blaas en die mens so lewende wese maak, is dieselfde God wat gaan herskep en die nuwe lewe in die nuwe lewende wese gaan blaas. Hy kan weer en meer! God het die fisiese heelal geskep en gaan die geheel van die fisiese heelal **herskep**. Juis daarom bely ons die opstanding van die vlees.

Net een is onsterflik, en dit is God. I Timoteus 6:16 stel: **Hy alleen besit onsterflikheid; Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen.**

Ons moet waak om te spekuleer oor dit wat nie aan ons openbaar word nie. Tog het mense deur die eeue gespekuleer oor verskeie sake, soos byvoorbeeld oor die gesondheid van die opgestane mens en die ouderdom van die mens. Op die vraag na laasgenoemde het Thomas Aquinas byvoorbeeld beweer dat ons almal op die perfekte ouderdom sal opstaan, te wete (volgens hom) iewers tussen 32 en 33 jaar. Die jongmense het hierdie ouderdom nog nie bereik nie, die ou mense het hierdie ouderdom al verloor, maar almal sal verjong of verouder word om sowat 33 jaar oud te wees,

toevallig ongeveer Christus se ouderdom by die kruisdood. Wat die werklikheid sal wees, weet ons nie. Dit is ydele spekulاسie wat nie die kern van ons geloof raak nie.

Toekomstige aeon

Wat bedoel ons met die "ewige lewe", ofte wel die toekomstige eeu. Die beste vertaling is waarskynlik om te verwys na die aeon wat kom, die nuwe aeon. (**WAT** stel: *e'on s.nw., eons eons of eone eone. Ook aeon. Onmeetlike of onbepaalde lang tydruimte; 'n tydperk van die wêreld of die heelal; soms, ewigheid.*)

Hierdie aeon, hierdie bedeling is die verganklike bedeling, die aeon wat beheers word deur die magte van die sonde, die bose, die duiwel. God is die Skepper, ook die Skepper van tyd. Tyd en aeon is nie met mekaar te verwissel nie. Al is hierdie aeon onder beheer van die bose, is God as skepper steeds ook in beheer van tyd. God gaan met die wederkoms 'n nuwe aeon daarstel waar Christus se heerskappy vir ewig sal heers. God as die Skepper van tyd, is ook die tydlose. Ons kan nie werklik ewigheid beskryf nie, juis omdat ons verganklik, tydelik is. Ons kan nie die ewigheid anders beskryf deur gebruik te maak van tydterme nie. Tyd as God se skepping en eiendom, kan net ervaar word.

Ewigheid as deel van God se geheimenis, kan net bely word. Die Bybel beskryf nie die ewigheid nie. God as die gans-andere se ewigheid word wel in digterlike en beeldende taal beskryf in boeke soos Openbaring. Hierdie beeldende taal is noodsaaklik omdat ons nie werklik God se geheimenisse kan beskryf nie, net by benadering oordink.

Ons tydservaring sal ook verander in die nuwe aeon. Omdat ons nie daardie ervaring nou het nie, verstaan ons nie hoe ons ewigheid sal ervaar nie. Tog glo ons dat tyd geskep is en ook sal ophou bestaan, net soos die dood.

Ons toekoms is 'n bestaan buite tyd, buite ons tydgebonde begrip.

Een saak wat wel duidelik is, is dat die nuwe aeon eerstens in terme van kwaliteit anders gaan wees. Ons kan oor die kwantiteit nie onself uitlaat nie omdat dit nie aan ons geopenbaar is nie. Die kwaliteit gaan wel anders wees omdat ons by God gaan wees en God by ons. Die mens wat die vreugde het om God te aanskou se bestaan-kwaliteit is verhewe bo ons grootste gedagtes. Geen pyn, geen lyding, net die heerlijkheid van God.

Die feit dat ons die opstanding en die lewe van die toekomstige eeu (ewige lewe) bely, bevestig dat ons 'n persoonlike verhouding met God het wat in daardie nuwe bedeling tot sy reg sal kom. Dit impliseer identiteit en kontinuïteit. Anders gestel, dit is ek, die eie ek, ekself, wat saam met God gaan wees. Jesus se identiteit en kontinuïteit word breedvoerig aangedui in die vertellings van Sy verskyning na die Opstanding. Net so gaan elkeen van ons ook in ons identiteit en kontinuïteit met God wees na die wederkoms.

Ons sluit af met AMEN – Dit sal so wees, dit is waar, ons bevestig dit.

Hiermee eindig die reeks tentatiewe verklarings van die artikels van die Niceense belydenis en die Apostoliese belydenis van geloof. Indien u vrae of versoeke het, kan u Dr Otto kontak.

Enige voorstelle oor toekomstige temas vir Die Skietlood sal ook verwelkom word.